

18 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 73
Fokusgedeelte: Psalm 73:1, 4-9, 21-28

Die Here doen goed aan al sy kinders

As jy kyk na die moord, die korrupsie, die welvarendheid van die onregverdiges, dan kan 'n mens nogal begin twyfel, soos wat Asaf in vers 2 doen. Is God regtig goed vir sy kinders as jy sien hoe die ongelowiges, misdadigers en andere soveel vooruitgang maak en die arme gelowiges agterweë bly?

Asaf beskryf die wêreldse mense as sonder kwellings en sorge. Die geweld kleef aan hulle soos 'n kleed en smalend stook hulle die kwaad. Hulle laster teen die hemel en skynbaar maak hulle soos hulle wil. Die ergste is dat dit lyk of hulle daarmee wegkom. Die gevolgtrekking in verse 13-14 is dat dit nie help om die reguit pad te hou nie. Alles is teen jou.

Gaan dink egter diep daaroor na. Wat is jou troos? Waarheen is jy op pad? Is daar enigsins uitkoms, of selfs 'n lig aan die einde van die tunnel? Asaf het dit gaan doen en agtergekom dat die einde van die pad vir die goddeloses nie so rooskleurig is soos hulle lewe nie. Hy sê hulle lewe sal verdwyn soos 'n droom wat ophou.

En jy? Dit is goed om naby God te wees en van sy werke te vertel. Die rede is omdat God goed is (vs1). Die Woord is vol daarvan dat die Here jou bystaan en jou lei. Hy is jou sterkte en aan Hom behoort jy vir altyd. Dit is alles moontlik gemaak deur Jesus Christus en daarom sorg Hy vir jou. Hy lei, behoed en bewaar jou elke dag van jou lewe deur sy Gees en Hy is jou enigste toevlug in die lewe. Asaf skryf: "Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie" (vs 25).

God is jou krag en jou sterkte. Hy dra jou elke dag te midde van die onreg wat gebeur. So kan ons dan as sy kinders getuig van sy goedheid en liefde en hoe Hy ons elke dag dra. Ander kan deur ons voorbeeld leer en op dieselfde wyse troos en krag by die Here vind.

Sing: Psalm 73:1, 12 (1936)

Ds. N Boy (Thabazimbi)